

# Bybelverse wat verkeerd gebruik word: Afsluiting

*In the Old Testament the New is concealed; in the New the Old is revealed – Augustinus*

Bybelverse wat verkeerd gebruik word: Afsluiting

Eric J. Bargerhuff het 'n baie interessante boek – *The Most Misused Verses in the Bible* – geskryf. In hierdie reeks gaan ek onder andere van hierdie boek gebruik maak.

Paulus gee raad aan sy jong leerling, Timoteus: *Die gesonde leer is in ooreenstemming met die evangelie wat aan my toevertrou is, die evangelie van die heerlijkheid van die goeie God* (1 Timoteus 1:11). Paulus vertel hom van die inherente krag van die woord van God: *Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk* (2 Timoteus 3:16 – 17). Paulus dring daarop aan dat Timoteus die woord versigtig moet hanteer, want dit is 'n kragtige wapen.

Hebreërs 4:12 bevestig dit: *Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg.* Paulus verlang dat Timoteus vol ywer moet wees, wat hom nie vir sy werk hoef te skaam nie en *wat die woord van die waarheid suiwer verkondig* (2 Timoteus 2:15). Ons moet die woord van God reg lees, verstaan, interpreteer en toepas.

Daar is egter sekere foute wat lei tot wangebruik. Ons kan nie net oppervlakkig lees nie; ons kan nie net 'n versie lees sonder om die konteks in ag te neem nie; ons moet die Skrif gebruik om die Skrif te interpreteer, want God se woord

weerspreek hom nooit nie. 'n Groot gevaar is dat ons graag wil hê 'n gedeelte moet by ons siening inpas – al moet ons dit forseer.

Daar is net een regte interpretasie van die teks – daar mag wel verskeie toepassings wees. Voordat ons hierdie toepassings kan maak, moet ons eers seker maak presies wat die gedeelte beteken – wat wou die oorspronklike skrywer sê. Ongelukkig benader ons die Skrif met sekere aannames en vooroordele wat dien as filter as ons die teks interpreteer.

Daar is baie hulpmiddels om ons te help – studiebybels, woordeboeke, kommentare ens. Selfs op die Internet is daar uitstekende hulpmiddels. Maar die heel belangrikste is die Heilige Gees: *Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die waarheid lei* (Johannes 16:13). Ons nederige afhanklikheid van die Heilige Gees is 'n noodsaaklike komponent om die Skrif reg te lees en te verstaan.

Luister na Jesus se wil vir ons: *As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak* (Johannes 8:31 – 32). Belangrik vir die verstaan van die woord is medegelowiges wat gereeld saam met ons die Skrif lees, bestudeer en toepas – die geloofsgemeenskap.

Jesus bid vir sy dissipels voor sy kruisdood. Hy bid onder andere: *Laat hulle aan U toegewys wees deur die waarheid. U woord is die waarheid* (Johannes 17:17)

---

**Bybelverse            wat            verkeerd**

# gebruik word: Pas jou hart op

*You do not judge the paintings; they judge you – kennisgewing by die ingang tot die Louvre*

Bybelverse wat verkeerd gebruik word: Pas jou hart op

Eric J. Bargerhuff het 'n baie interessante boek – *The Most Misused Verses in the Bible* – geskryf. In hierdie reeks gaan ek onder andere van hierdie boek gebruik maak.

*Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe (Spreuke 4:23).*

Baie mense vind dit moeilik om hulle gedagtes en gevoelens met ander te deel. In sommige kulture word kwesbaarheid as 'n teken van swakheid gesien. Mense voel verleë om hulle harte vir ander oop te maak. Baie mense gebruik dan juis hierdie vers om hulle siening te regverdig.

Spreuke is 'n boek van wysheid. Die gesegdes se oorsprong is dikwels gebaseer op die skrywer se ondervindings. Ons moet hulle as algemene beginsels vir die lewe en nie as gewaarborgde beloftes sien nie. Dit is waarhede wat ons optrede sal rig – opdragte vir die ontwikkeling van ons karakter.

In die begin van die boek is die skrywer se rol dié van 'n vader wat met sy seun praat. Die wysheid se wortels is om die Here te dien – om 'n verhouding met Hom te hê. Dit is dus meer as "kopkennis." Dit lei tot 'n gehoorsame lewe toegewy aan die aanbidding van God. Die seun moet die pad van die goddeloses vermy. Hierdie pad *is soos die donker: hulle weet nie waaroor hulle sal struikel nie*(4:19). As die seun goed na die woorde van die vader luister, beteken dit *'n volle lewe vir hom wat dit besit.*

Hierdie is die konteks van ons vers. Die jong seun moet aandag

gee aan die woorde van sy vader. Doen hy dit sal hy die bose vermy. Die vader gebruik nou die dele van die liggaam om sy punt te belig: wees versigtig met die hart; die lippe moet hulle van leuens weerhou; hou jou oë op die pad vorentoe; weerhou jou voete van die verkeerde weë.

In die Joodse literatuur sluit die hart ons denke, emosies en wil in. Dit is die bron van waar al ons optredes kom. Jesus sê: *Waar die hart van vol is, loop die mond van oor* (Matteus 12:34). Om my hart te beskerm, beteken dat ek my lewe teen ongesonde invloede beskerm. *Slegte geselskap bederf goeie sedes* (1 Korintiërs 15:33).

Hierdie vers beteken nie dat ek my gevoelens moet wegsteek nie. Dit beteken nie dat ek nie emosioneel by ander betrokke kan raak nie. Ons is almal ontwerp om in verhoudings te leef. Ons is immers almal deel van die geloofsgemeenskap. Dit beteken ek moet my hart teen die bose beskerm.

---

## **Bybelverse wat verkeerd gebruik word: Bekeer julle en word gedoop**

*God knows nothing of solitary religion. No man ever went to heaven alone – John Wesley*

**Bybelverse wat verkeerd gebruik word: Bekeer julle en word gedoop**

Eric J. Bargerhuff het 'n baie interessante boek – *The Most Misused Verses in the Bible* – geskryf. In hierdie reeks gaan ek onder andere van hierdie boek gebruik maak.

*Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle*

*sal die Heilige Gees as gawe ontvang (Handelinge 2:38).*

Petrus preek sy eerste preek na die uitstorting van die Heilige Gees op pinksterdag. Hy eindig sy preek met hierdie woorde: *God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak.* Dit was 'n goeie preek: *By die aanhoor hiervan is die mense diep getref – hulle het hulle eie Messias vermoor. Hulle is skaam en voel skuldig; hulle het berou. Daarom vra hulle vir Petrus en die ander apostels: Wat moet ons doen, broers.*

Petrus antwoord met: *Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.* Petrus sê hulle moet hulle hartsverandering wys deur hulle sonde te bely en berou daaroor te hê, maar terselfdertyd moet hulle in geloof na Christus draai.

As Paulus met die ouderlinge van Efese praat, sê hy basies dieselfde: *Ek het sowel die Jode as die Grieke ernstig vermaan om hulle tot God te bekeer en in ons Here Jesus te glo* (Handelinge 20:21). Bekering en geloof is gawes van God, wat die gelowige beoefen in reaksie op die evangelieboodskap. God gee 'n nuwe geestelike lewe aan 'n dooie hart. In sy gesprek met Nikodemus noem Jesus dit wedergeboorte (Johannes 3:3). Hierdie is die soewereine werk van God en op daardie oomblik word jy 'n nuwe mens: *Die oue is verby, die nuwe het gekom* (2 Korintiërs 5:17). Die Heilige Gees was en vernuwe ons en kom permanent in ons woon. Daarom sê Petrus dat ons sondes nie alleen vergewe word nie, maar dat ons ook die Heilige Gees as gawe ontvang.

Om in die openbaar ons bekering en geloof te verklaar, sê Petrus dat ons ook gedoop moet word as uiterlike simbool van ons innerlike reiniging. Die doop is 'n optrede wat volg en het geen verlossingskrag nie, want ons word deur geloof alleen gered. Baie lees hierdie vers asof die doop 'n noodsaaklike voorwaarde vir verlossing is. Die hele Nuwe Testament leer vir

ons dat ons deur geloof alleen gered word.

As doop 'n voorwaarde vir verlossing is, was die misdadiger aan die kruis nie werklik verlos nie – daar was nie tyd om hom nog te doop nie. Dan was Jesus se belofte (*Vandag sal jy saam met My in die paradys wees – Lukas 23:43*) 'n leuen. Later sê Petrus: *Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis* (Handelinge 3:19). Toe die bewaarder in Filippi vir Paulus vra wat hy moet doen om gered te word, antwoord Paulus: *Glo in die Here Jesus en jy sal gered word* (Handelinge 16:31).

Doop is nie die manier waarop ons verlos word nie, maar is die simbool dat ons verlos is. Ons moet baie versigtig wees om nie allerhande voorwaardes bo en behalwe geloof vir ons verlossing by te voeg nie. Ons lees gereeld in Paulus se briewe dat die mense die besnydenis en onderhouding van die wet as voorwaardes vir verlossing wou byvoeg. Paulus se reaksie is skerp: *Is julle dan so sonder begrip? Julle het met die Gees begin; wil julle nou in eie krag eindig* (Galasiërs 3:3). Hoekom glo ons dat die werking van die Heilige Gees in ons nie voldoende is nie? Hoekom wil ons dan nog iets byvoeg?

Ons moet altyd dat die Skrif die Skrif interpreteer. 'n Teks mag dalk nie beteken wat ons dink dit moet beteken as dit nie ook elders in die Skrif bevestig word nie.

---

**Bybelverse wat verkeerd gebruik word: Die gebed van**

# die gelowige

*Not even in this world does sin pay its servants good wages. –C.H. Spurgeon*

## **Bybelverse wat verkeerd gebruik word: Die gebed van die gelowige**

Eric J. Bargerhuff het 'n baie interessante boek – *The Most Misused Verses in the Bible* – geskryf. In hierdie reeks gaan ek onder andere van hierdie boek gebruik maak.

*En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring (Jakobus 5:15).*

As ons siek is, laat ons die ouderlinge kom, bid vir die sieke en salf hom met olie. En tog, soms sterf die pasiënt. Hoekom gebeur dit? Kom ons begin by 'n kant.

Eerstens: geloof in Christus is noodsaaklik vir alle aspekte van die Christelike geloof. *As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon (Hebreërs 11:6).* Geloof is 'n belangrike element in genesing.

Tweedens beklemtoon die Bybel die belang van gebed. Ons sien dat Jesus se dissipels 'n seun nie gesond kon maak nie. Toe Jesus daar aankom, genees Hy die seun. Die dissipels wou weet waarom hulle nie kon slaag nie. Jesus antwoord: *Omdat julle geloof te klein is (Matteus 17:14 – 21).* Jakobus sê self: *Julle kry nie, omdat julle nie bid nie (Jakobus 4:2).* In die gedeelte van ons teks sê Jakobus dat ons gelowig moet bid.

Hier is twee aspekte van belang:

- *Want ons lewe deur geloof, nie deur sien nie (2 Korintiërs 5:7); en*
- *Bid gedurig (1 Tessaloniense 5:17).*

Nou watter toepassing het dit op Jakobus 5:13 – 16? Moet ek die ouderlinge roep om vir 'n sieke te bid en hom te salf en hy word gesond? Gewaarborg? Nee, ons moet verder kyk.

Eerstens: die rol van die ouderlinge. Hulle is die geestelike herders van die gemeente en moet omsien na die behoeftes van die kudde. Hulle kan iemand in nood tegemoet snel – soos alle ander Christene ook moet doen. Hulle moet die sieke bystaan in sy geestelike en fisiese sake. Hoekom die ouderlinge? Jy wil iemand wat geestelik volwasse is, hê om te bid – iemand wat die Skrif ken. Hulle moet in staat wees om moeilike situasies te kan hanteer.

Tweedens moet hulle die sieke met olie salf *onder aanroeping van die Naam van die Here*. In Bybelse tye is olyfolie gebruik vir genesing. Lees weer die verhaal van die Barmhartige Samaritaan. Maar olie is ook gebruik om mense af te sonder. Konings en priesters is gesalf om te sê dat hierdie persoon vir God afgesonder is – vir God se doel. As die ouderlinge 'n sieke gesalf het, sê hulle in werklikheid dat hierdie persoon afgesonder is vir spesiale aandag van God – Hy word aan God opgedra om al sy vertroue in Hom te stel.

Let wel: alles word gedoen in geloof en onder die aanroeping van die Naam van God. Dit het ernstige implikasies:

- Dit erken dat Jesus Christus die soewereine Here van alles is. En dat sy doel en wil baie swaarder weeg as ons s'n.
- Ons erken ons kom na Hom in gebed nie gegrond op enige meriete in onself nie, maar gegrond op Wie Hy is en wat Hy reeds vir ons gedoen het.
- Dit verheerlik God: *Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word* (Johannes14:13).

Ons erken dat die Here soewerein is en dat Hy ons gebede op so 'n manier sal beantwoord dat dit Hom verheerlik.



In 2 Korintiërs 12 pleit Paulus dat God die doring in sy vlees moet verwyder. God doen dit nie, maar sê dat sy genade en krag genoeg is vir Paulus in hierdie moeilike tyd. Daarom kan ons nooit sê dat iemand se gebede nie verhoor word omdat hy nie genoeg geloof het nie. Dit is baie onsensitief. Soms is dit God se wil om nie fisies te genees nie: *En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets so vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra* (1 Johannes 5:14 – 15).

Interessant: *As hy gesondig het, sal dit hom vergewe word.* Hierdie belofte van genesing mag hier verwys na geestelike herstel en geestelike genesing. Die enigste genesing wat gewaarborg word, is geestelike genesing wat volg op berou en geloof.